# Bekalking verlaag insetkoste van wintergraanverbouing

CARL TALJAARD, BESTURENDE DIREKTEUR: SA KALK EN GIPS

**Grondversuring in Suid-Afrika is besig om geweldige afmetings aan te neem. Dit versuur teen 'n ekwivalent van 0,5 ton kalk per ha per jaar. Indien bekalking vanjaar nie plaasvind nie, sal die opbrengsverliese vir die produsent in Suid-Afrika ongelukkig baie groter geldelike verliese meebring as die "besparing" wat verkry word, deur nie te bekalk nie.**

Die regstelling van grondsuur en die balansering van kalsiumvlakke in die grond, moet die eerste prioriteit wees in enige grondvrugbaarheid-regstellingsprogram – pH het 'n dramatiese invloed op die beskikbaarheid van plantvoedingselemente.

Kan 'n produsent 'n spoedige rendement verkry op 'n belegging in landboukalktoediening? 'n Foutiewe persepsie bestaan by sommige gewasprodusente dat bekalking slegs 'n langtermyn belegging is en dat die effek van bekalking nie in die eerste jaar noemenswaardig is nie. Met die toediening van 'n kwaliteit kalkproduk, sal die pH en suurversadiging egter binne maande herstel. Dit verseker dat 'n gewasprodusent reeds in die eerste jaar 'n dramatiese impak op sy gewasopbrengste sal ervaar.

Vir baie jare is landboukalk slegs toegedien om grond se pH te verhoog, maar ongelukkig is die rol van kalsium, as die belangrikste voedingselement, nie in ag geneem nie. Gebalanseerde grond moet die korrekte kalsium-tot-magnesium-verhouding hê. Die insetkoste per ton graan word slegs effektief verlaag waar 'n gereelde bekalkingsprogram gehandhaaf word – die basis van goeie bemestingspraktyke.



Die kalsiet hoop op Ulco (Barkly Wes).

SA Kalk en Gips was en is steeds betrokke by verskeie kalkproewe met merkwaardige resultate, waar die ongelooflike goeie werking van veral kalsiet met produsente gedeel word. As die grootste en enigste nasionale verskaffer van landboukalk- en landbougipsprodukte streef ons weer eens vanjaar om met statistiese proewe en aanbiedings, produsente steeds toenemend meer bewus te maak van die noodsaaklikheid van kalk- en gipstoedienings.

SA Kalk en Gips kan met sy landswye kalk- en gipsbronne altyd die produsent behulpsaam wees om die beste wins uit sy oes te haal: vanuit Ulco (Barkly Wes), Panfontein (Vereeniging), Mooiplaas (Pretoria) en Vanderbijlpark word uitstekende kalk aan klante in die Vrystaat, Gauteng en Mpumalanga gelewer; ook vanuit die Tugela kalsietbron (Mandini) aan klante in KwaZulu-Natal en in die Wes-Kaap vanuit Piketberg, Bredasdorp, Saldanha, Vredendal, Robertson en Moorreesburg. Landbougips word gelewer vanaf Chloorkop (Midrand), Phokeng (Rustenburg), Phalaborwa, Somerset-Wes, Yzerfontein en Van-rhynsdorp.

Suurgronde is en bly steeds die grootste knelpunt in die produksie van voedsel in Suid-Afrika, waar SA Kalk en Gips 'n sleutelrol speel om bestendige en volgehoue voedselvoorsiening in Suid-Afrika te verseker. As jou grond sooibrand het en jy onmiddellik 'n oplossing soek, plaas asseblief jou bestelling vroegtydig by jou plaaslike kunsmisagent en sit sodoende die blus terug in jou boerdery. ■